**31 MAART** **SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: PSALM 21**

## Vertrou op die Here in voorspoed en in teenspoed

Psalm 21 is `n danklied wat deur die digter in twee gedeeltes verdeel is. Die eerste gedeelte gaan oor al die seëninge van die koning, terwyl die tweede gedeelte handel oor die straf wat die Here die vyande van die koning oplê.

Miskien geniet ek nie nou, soos hierdie koning, voorspoed nie, maar teenspoed. Hoe het hierdie psalm dan vir my betekenis? Ek moet verby alles kyk en God agter alles raaksien. Dan het hierdie gedeelte vir my baie betekenis. Die Here tot wie die digter bid, is Niemand anders as die almagtige God nie. Dit is Hy wat die lotgevalle van gelowiges én goddeloses in sy hande hou.

Die psalm doen twee dinge aan my: Dit waarsku my en dit troos my. Dit waarsku my dat ek nooit God se krag en almag moet betwyfel nie. Die Here is `n almagtige God en sal nie onreg teen die wat aan Hom behoort, duld nie. Dit troos my ook in die sin dat soos wat God by die koning in Psalm 21 is, net so is God by my. Die Heilige Gees is in my. Al gaan ek dalk nou deur `n moeilike tyd, moet ek nooit daaraan twyfel nie en op God en slegs op Hom vertrou. God is by my in voorspoed en in teenspoed. Christus het reeds vir my die dood en sonde oorwin.

*Sing: Psalm 46:1, 6* *Fritz Potgieter (Teologiese student)*